

# Lekkerbekkie Nuusbrief

29 OKTOBER 2014 | UITGAWE 78



## Inhoud:

- \* Gratis kinder storie: Wouter Wurmpie
- \* Produk van die week
- \* Gratis inkleurprentjie

**annaemm**  
kinder stories



Teken in en ontvang elke week 'n gratis **Lekkerbekkie Nuusbrief**: [lekerbekkie@annaemm.co.za](mailto:lekerbekkie@annaemm.co.za)

## Wouter Wurmpie deur Anna Emm

Wouter Wurmpie woon in die stam van 'n groot boom in die veld. Hy woon in 'n piepklein gaatjie, en vir baie lank is dit net die beste woonplek in die hele wêreld. Maar toe kom die muggies... Die muggies kom maak vir hulle 'n nessie reg bokant Wouter Wurmpie in DIESELFDE boom! En van daardie dag af was dit nie meer die beste woonplek in die hele wêreld nie... Muggies hou net mooi NOOIT op met praat nie! Hulle klets en kuier van vroeg in die oggend tot laat in die nag, en arme Wouter Wurmpie kry geen rus of privaatheid nie!

"So kan ek nie leef nie!" roep Wouter Wurmpie een oggend uit. En net daar en dan besluit hy dat dit tyd is om weg te trek uit sy gaatjie in die boomstam. Hy pak sy tassie, sluit sy deurtjie, en begin aanstap deur die veld. Hy kyk nie om nie en hy draai nie terug nie. Nie eens toe die muggies agter hom aanroep nie. Hulle roep: "Haai, Wouter Wurmpie, waar gaan jy?" Maar Wouter Wurmpie hou net aan loop.

Hy stap 'n hele dag en 'n hele nag, en uiteindelik kom hy by die see. Die lug is vars en die sand is lekker warm. Hy sit sy tassie neer en sug: "A! Hier kan 'n wurmpie mos in vrede woon en nooit gepla word nie!"

Nie te lank nie, of Wouter Wurmpie het vir hom 'n dierbare huisie teen een van die duine gemaak. Elke oggend as die son opkom, gaan stap hy langs die see. Dan wikkel hy sy pootjies in water, en voel tog te lekker! Elke middag vat hy 'n middagslapie. En elke aand lê hy tot laat na die sterretjies en kyk. Niemand pla hom nie. Niemand praat heeldag lank nie. Dis net die heel beste woonplek in die hele wêreld – hier by die see.

Maar ai, nadat Wouter Wurmpie 'n paar weke lank by die see gewoon het gebeur 'n vreeslike ding. Die klomp muggies wat saam met hom daar in die veld gewoon het, besluit om te kom kyk wat van Wouter Wurmpie geword het. Hulle kom in 'n groot swerm by die see aan, en toe hulle die lekker huisie sien wat hy vir hom op een van die duine gebou het, besluit die muggies net daar en dan dat hulle OOK by die see wil woon! En raai? Hulle bou vir hulle OOK 'n huisie in DIESELFDE duin waar Wouter Wurmpie woon! Nou is dit weer elke oggend 'n geklets en elke aan 'n gekuier tot laat...

"Dit gaan nie werk nie," sug Wouter Wurmpie een oggend. "So kan g'n wurmpie leef nie."

Hy pak sy tas en sluit sy deur, en toe hy begin aanstap oor die sand om vir hom 'n ander huisie te gaan soek, roep die muggies agter hom aan: "Waar gaan jy dan, Wouter Wurmpie?"

Maar Wouter Wurmpie antwoord nie. Hy stap en stap vir twee dae lank. Na die tweede dag kom hy by 'n groot boom in die veld. En raai wat kry hy in die stam van die boom? 'n Huisie net reg vir hom! Hy sluit die deurtjie oop, sit sy tassie neer, en sê: "Dis mos die heel beste woonplek in die wêreld dîe!"

Verdien 'n ekstra inkomste deur 'n agent te word vir Anna Emm se kinder storie-produkte!  
Kontak [lekerbekkie@annaemm.co.za](mailto:lekerbekkie@annaemm.co.za) vir meer inligting of besoek [www.AnnaEmm.co.za](http://www.AnnaEmm.co.za)

## Produk van die week

# 'n Likkejander hik... en ander stories deur Christi Panagio!

Het jy geweet die skrywer van ons Lekkerbekkie-stories, Anna Emm, het al meer as 2000 Afrikaanse kinderstories vrygestel? Meeste van hierdie stories is op CD opgeneem deur bekende name soos Gys de Villiers, Anrich Herbst, Anna-Mart van der Mewer, Diaan Lawrenson en Vicky Davis! Lekkerbekkie Tydskrif is 'n produk van ANNA EMM (PTY) LTD – tans die grootste vervaardiger van kinderstories in die land. Besoek [www.AnnaEmm.co.za](http://www.AnnaEmm.co.za) vir 'n volledige katalogus.

Hierdie nuwe CD, "'n Likkejander hik" (voorgelees deur Christi Panagio) is 'n grooooooot lekkerte! Dis die eerste keer sedert "'n Honger gormajors" dat Anna Emm weer soveel eenaardige name saam op een CD gooi - die kleingoed gaan sommer lekker lag! Het jy geweet dat Likkejanders graag droom, en dat Bottelpensies die beste troeteldiere maak? Of dat dit 'n baie groot eer is as 'n Wallewagie vir jou in jou huis wil kom kuier? Of dat 'n Janmuskieter eens op 'n tyd 'n fluit-kompetisie gewen het? Nie? Wel, dan moet jy beslis nie hierdie stories misloop nie. Ongelooflike kreatiewe, kleurvolle, "skoon" kindervermaak... soos net Anna Emm kan.

Koop hierdie CD vir slegs R80 (geldig tot Maandag 3 Nov) by enige AnnaEmm agente, of kry dit teen die normale prys (R90) by 021 930 0908 | [lekkerbekkie@annaemm.co.za](mailto:lekkerbekkie@annaemm.co.za)



## Nuwe kinderstories...

voorgelees deur Christi Panagio!

Stories op die CD:

1. 'n Likkejander hik
2. 'n Bottelpensie snork
3. 'n Wallewagie grom
4. 'n Janmuskieter fluit



Kry "'n Likkejander hik" vóór 3 Nov @ slegs R80!

Gewone prys R90  
Slegs by AnnaEmm agente.


**annaemm**  
kinderstories

### Word 'n Anna Emm storie-agent!

As jy belangstel om self 'n agent vir Anna Emm se kinderstories-produkte te word, kontak [agente@annaemm.co.za](mailto:agente@annaemm.co.za) | 021 930 0908

Gratis inkleurprentjie

**Wouter Wurmpie** illustrasie deur Elanie Bieldt



Verdien 'n ekstra inkomste deur 'n agent te word vir Anna Emm se kinder storie-produkte!  
Kontak [lekkerbekkie@annaemm.co.za](mailto:lekkerbekkie@annaemm.co.za) vir meer inligting of besoek [www.AnnaEmm.co.za](http://www.AnnaEmm.co.za)